

# **AGRI NOORD-KAAP**

## **GRONDWET**

### **1. NAAM EN REGSBEVOEGDHEID**

Die naam van die organisasie is Agri Noord-Kaap en dit is 'n regspersoon met mag om in eie naam:-

- 1.1 enige vaste of roerende eiendom te besit, dit te koop of andersins te verkry, dit te verkoop, te huur of te verhuur, te verpand en/of met verband te belas, dit as sekerheid te neem of te gee en/of op enige ander manier te vervreem of ander reg daarvoor te gee of te verkry en in die algemeen regshandeling daaromtrent aan te gaan;
- 1.2 enige fondse of geld waarvoor dit mag beskik, uit te leen en/of op enige wyse hoegenaamd te belê met of sonder sekuriteit en op sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd op besluit mag word;
- 1.3 geld te leen en op te neem en lenings van enige soort te verkry en aan te gaan en sodanige sekuriteit daarvoor te gee as wat nodig mag wees;
- 1.4 bankrekenings te open en daarop te trek en te oortrek;
- 1.5 waar nodig geag mag word, die verpligtinge van enige persoon of regspersoon te waarborg of vir hul borg te staan en om borgaktes en/of aktes van sekerheidstellings te teken en aan te neem;

- 1.6 regsgedinge in te stel en te verweer en enige geskil aan arbitrasie te onderwerp en om in verband met sodanige regsgedinge of arbitrasie en enige kommissie van ondersoek die nodige regspraktisyne en/of deskundiges aan te stel en te vergoed;
- 1.7 amptenare aan te stel om die werk en sake daarvan te doen en uit te voer met sodanige magte en op sodanige voorwaardes wat betref salaris en andersins, as wat van tyd tot tyd bepaal mag word;
- 1.8 amptenare en werknemers skadeloos te stel vir enige leed of beskadiging deur hulle in die loop van hul diens opgedoen;
- 1.9 by die pensioenskema van Agri SA vir die voordeel van sy werknemers aan te sluit;
- 1.10 enige liefdadigheids-, kultuur-, of volksaak of enige saak, die bevordering waarvan ingesluit is by die hiernagemelde doelstellings, finansieel te ondersteun;
- 1.11 geskenke en/of bydraes van enige soort te aanvaar en te ontvang;
- 1.12 alles te doen wat nodig mag wees om aan bogemelde magte en aan die hierna vermelde doelstellings uitvoering te gee;
- 1.13 te affilieer by Agri SA.

## 2. **DOELSTELLINGS**

- 2.1 Om die landboubevolking in die streek van Agri Noord-Kaap, tesame met die landboukoöperatiewe beweging in hierdie gebied, in 'n verenigde landboufront te organiseer ten einde die sienswyse van die landbougemeenskap te koördineer, sodat hulle met een stem kan praat oor sake van algemene, sowel as besondere belang;
- 2.2 Om met ander sektore saam te werk ter bevordering van 'n stabiele en gesonde volkshuishouding met volle inagneming van die belange en behoeftes daarvan;
- 2.3 Om, waar nodig, die gekoördineerde mening van die bedryf in die streek aan die Provinsiale Regering, die Sentrale Regering, Agri SA of enige ander owerheid voor te lê, met hulle saam te werk in sake rakende die welvaart van die landboubedryf met die doel om bestaande probleme op te los en die daarstelling van die nodige wetgewing;
- 2.4 Om die landboukoöperatiewe beweging te bevorder;
- 2.5 Om landbouprodusente in die streek op hoogte te hou van alle sake rakende hul besondere vertakking van die bedryf, hul algemene belange en die landbou binne die algemene raamwerk van die volkshuishouding;
- 2.6 Om te ywer vir die stelselmatige ontwikkeling van die landboubedryf insluitende die bewaring van die grondbodem en die waterbronne van die land, die instandhouding en die verhoging van grondvrugbaarheid 'n verbeterde produksiemetodes;

- 2.7 Om deur gesamentlike optrede te sorg vir die daarstelling van die nodige fasiliteite en dienste vir die landbougemeenskap en vir hierdie doel die landbougemeenskap in die streek te organiseer;
- 2.8 Om gedurig daarna te strewe om die beste verstandhouding tussen produsente en verbruikers te weeg te bring;
- 2.9 Om te ywer vir die ontwikkeling van 'n gesonde landbou-ekonomie in Suid-Afrika;
- 2.10 Om met die oog op die verwesenliking van bogemelde doelstellings-
- 2.10.1 sover moontlik, sake in Afrikaans en/of Engels te verrig;
- 2.10.2 alle sake slegs volgens meriete te behandel;
- 2.11 Om alle funksies te verrig wat na die oordeel van die kongres of die Uitvoerende Bestuur betrekking het op, of bevorderlik is vir die verwesenliking van die bogemelde doelstellings of in direkte of indirekte belang van die landboubedryf mag wees;
- 2.12 Die doelstellings van Agri Noord-Kaap sluit nie winsbejag in nie. Die fondse waaroor hy beskik sal slegs vir die bevordering van sy doelstellings aangewend word.

### 3. **LIDMAATSKAP**

#### 3.1 ***Geaffilieerde lede***

Enigeen van die volgende landbou-organisasies wat in die gebied van Agri Noord-Kaap funksioneer, wat skriftelik om lidmaatskap aansoek doen en sodanige aansoek deur die Uitvoerende Bestuur van Agri Noord-Kaap goedgekeur word, kan geaffilieerde lede van Agri Noord-Kaap word:

- 3.1.1 landbou-unies, dit wil sê verenigings van landbouverenigings, met 'n ingeskrewe ledetal van ten minste 40 lede, met dien verstande dat die Uitvoerende Bestuur onder buitengewone omstandighede 'n landbou-unie mag toelaat om tydelik met minder as 40 lede te affilieer en verder met dien verstande dat die Uitvoerende Bestuur onder buitengewone omstandighede 'n landbouvereniging kan toelaat om as 'n landbou-unie te affilieer, welke aansoeke elk op hul eie meriete oorweeg sal word;
- 3.1.2 landboukoöperasies;
- 3.1.3 die Kaaplandse tak van die NWKV van Suid-Afrika;
- 3.1.4 ander spesialiteitsorganisasies wat om affiliasie aansoek mag doen en wat na die mening van die Uitvoerende Bestuur daarop aanspraak kan maak dat hulle die betrokke bedryf se mondstuk is;
- 3.1.5 'n junior landbou-unie wat bestaan uit twee of meer junior landbouverenigings wat by hoërskole in die lewe geroep word.

## 3.2 **Aansoek om lidmaatskap**

3.2.1 Enige organisasie onder Artikel 3.1 genoem wat 'n geaffilieerde lid wil word, moet formeel skriftelik by Agri Noord-Kaap aansoek doen en die volgende voorlê:-

3.2.1.1 'n verklaring van ledetal;

3.2.1.2 'n verklaring dat die betrokke organisasie die Grondwet van Agri Noord-Kaap onderskryf;

3.2.1.3 'n afskrif van sy Grondwet, behalwe in die geval van geregistreeerde koöperasies;

3.2.2 alvorens enige organisasie as lid aanvaar word, kan die Uitvoerende Bestuur die betrokke organisasie om enige ander ter saaklike inligting versoek en mag lidmaatskap geweier word sonder om redes te verstrek;

3.2.3 waar landbouverenigings wat alreeds geaffilieer is by, of geleë is in die gebied van 'n geaffilieerde landbou-unie, verlang om 'n aparte landbou-unie te stig, moet die verlof van die betrokke landbou-unie, sowel as van hier Agri Noord-Kaap eers verkry word;

3.2.4 waar enige affiliasie, nadat sy aansoek om lidmaatskap goedgekeur is, die naam van die organisasie, sy doelstellings of vereistes vir lidmaatskap wil verander, moet Agri Noord-Kaap skriftelik van die voorgestelde wysigings in kennis gestel word en later van finale wysigings verwittig word.

### 3.3 **Outonomie van geaffilieerde lede**

Elke geaffilieerde lid het volle outonomie op of in sy gebied, met dien verstande dat alle sake wat ook ander belange raak, of 'n wyer toepassing het, na hier Agri Noord-Kaap verwys word.

### 3.4 **Vereistes vir lidmaatskap**

3.4.1 Elke geaffilieerde lid moet jaarliks aan Agri Noord-Kaap 'n verklaring ten opsigte van lidmaatskap voorlê.

3.4.2 'n Spesialiteitsorganisasie sal slegs vir lidmaatskap kwalifiseer indien minstens 75% van sy lede ingeskrewe lede is van 'n landbouvereniging.

### 3.5 **Lidmaatskappelde**

#### 3.5.1 **Landbou-unies**

'n Landbou-unie sal slegs geregtig wees om by Agri Noord-Kaap te affilieer namens daardie lede van sy geaffilieerde landbouverenigings wat die toepaslike ledegelde soos gedurende die voorafgaande jaar deur die Kongres van Agri Noord-Kaap vasgestel, ten volle betaal het.

#### 3.5.2 *Verdeling van fondse*

Die Uitvoerende Bestuur sal besluit oor die wyse van die verdeling van Agri Noord-Kaap se inkomste uit ledegelde.

### 3.5.3 Landboubesighede

Geaffilieerde koöperasies sal jaarliks ledegelde betaal soos van tyd tot tyd deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer Kongres bepaal, met dien verstande dat die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer met goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur onder buitengewone omstandighede 'n koöperasie mag toelaat om tydelik te affilieer teen betaling van 'n bedrag wat minder is as die vasgestelde ledegeld.

### 3.5.4 *Ander geaffilieerde organisasies*

Ander organisasies sal jaarliks affiliasiegelde betaal soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur vasgestel word.

## 3.6 ***Beëindiging van lidmaatskap***

3.6.1 Indien 'n geaffilieerde lid mag besluit om te bedank, moet hy sy bedanking skriftelik by Agri Noord-Kaap indien binne drie maande vanaf die aanvang van die finansiële jaar van Agri Noord-Kaap, by gebreke waarvan hy vir daardie jaar as lid beskou sal word.

3.6.2 Die Uitvoerende Bestuur kan die lidmaatskap beëindig van enige lid wat voortdurend in gebreke bly om sy geldelike verpligtinge, of die voorwaardes van lidmaatskap na te kom, met dien verstande dat:

3.6.2.1 die Uitvoerende Bestuur op 'n gewone vergadering eers sal besluit om die aangeleentheid op die agenda vir die volgende vergadering te plaas;



- 3.6.2.2 skriftelik kennis van sodanige besluit aan die betrokke lid gegee word;
- 3.6.2.3 twee-derdes van die aanwesige lede by die tweede vergadering per geslote stembriefie vir die beëindiging sal stem.
- 3.6.3 Enige lid wat bedank of wie se lidmaatskap beëindig word :
  - 3.6.3.1 verbeur alle regte en voorregte in verband met lidmaatskap van Agri Noord-Kaap en alle belange in die besittings van Agri Noord-Kaap vanaf datum van beëindiging van lidmaatskap;
  - 3.6.3.2 is aanspreeklik vir die betaling van alle verskuldigde gelde tot aan die einde van die betrokke boekjaar.

## **BESTUUR EN GESAG**

### **4. KONGRES**

Binne die raamwerk van georganiseerde landbou in die streek berus die hoogste gesag by die Kongres van Agri Noord-Kaap.

#### **4.1 *Samestelling***

- 4.1.1 Die President en Vise-president en Ere-presidente en Ere- vise-presidente.
- 4.1.2 Lede van die Uitvoerende Bestuur.

= 10 =

4.1.3 Verteenvoordigers van landbou-unies soos volg bereken:

40 - 100 lede	2 verteenwoordigers
vir elke verdere 100 lede of deel daarvan	1 verdere verteenwoordiger

4.1.4 Afgevaardigdes van koöperasies en sentrale koöperasies soos volg bereken:

Koöperasies

tot 200 lede	.....	1 verteenwoordiger
meer as 200 lede	.....	2 verteenwoordigers
Sentrale Koöperasies	.....	2 verteenwoordigers

4.1.5 Die Voorsitter van elke bedryfs- en staande komitee van Agri Noord-Kaap of ander lid deur die betrokke komitee benoem.

4.1.6 Die Kaaplandse tak van die NWKV van Suid-Afrika – 4 verteenwoordigers.

4.1.7 Ander geaffilieerde spesialiteitsorganisasies – 1 verteenwoordiger elk.

4.1.8 Verteenvoordigers van 'n junior landbou-unie soos volg bereken:

2 verteenwoordigers vir elk van die junior landbou-unie se geaffilieerde junior landbouverenigings.

## 4.2 **Kworum**

'n Kworum vir die Kongres bestaan uit meer as twee-vyftes van die getal afgevaardigdes wat benoem is om die Kongres by te woon, met dien verstande dat vir hierdie doel die getal afgevaardigdes bereken word volgens die aantal stemme waarop hulle geregtig is.

## 4.3 **Kongresreëls**

### 4.3.1 *Plek en Datum*

- 4.3.1.1 Die Kongres sal jaarliks gehou word.
- 4.3.1.2 Die plek van die volgende Kongres word deur die Kongres bepaal of by gebreke van so 'n besluit, deur die Uitvoerende Bestuur.
- 4.3.1.3 Die datum van die Kongres moet ten minste drie (3) maande vooruit deur die Uitvoerende Bestuur bepaal word.
- 4.3.1.4 Die sekretaris van Agri Noord-Kaap sal elke geaffilieerde lid, sowel as die voorsitters van die staande- en bedryfskomitees van Agri Noord-Kaap, ten minste sestig (60) dae voor die datum waarop die Kongres gehou word, van die plek en datum waarop die Kongres gehou word in kennis stel.
- 4.3.1.5 Elke geaffilieerde lid sal 'n lys van die name en adresse van sy afgevaardigdes en die verskuldigde ledegede aan die sekretaris van Agri Noord-Kaap voorlê voor sodanige datum as waartoe versoek is.

#### 4.3.2 *Spesiale Kongres*

Die President kan te eniger tyd en sal wanneer 'n meerderheid van die lede van 'n wettige gekonstitueerde Uitvoerende Bestuursvergadering so besluit, 'n spesiale kongres byeenroep, met dien verstande dat in elke geval 'n behoorlike kennisgewing, tesame met besonderhede van die doel van die Kongres minstens dertig (30) dae voor die datum waarop die Kongres gehou sal word, aan elke lid van die Uitvoerende Bestuur, sekretaris van geaffilieerde lede en voorsitters van bedryfskomitees van Agri Noord-Kaap gepos sal word.

#### 4.3.3 *Beskrywingspunte*

Geaffilieerde lede is daarop geregtig om beskrywingspunte vir opname in die kongresagenda soos volg voor te lê, met dien verstande dat alle beskrywingspunte na 'n Agendakomitee deur die Uitvoerende Bestuur aangestel, verwys word en dat hierdie komitee die beskrywingspunte koördineer en beslis oor die finale agenda van die Kongres en verder met dien verstande dat waar 'n beskrywingspunt in 'n saamgestelde voorstel opgeneem is, die betrokke affiliasie die reg behou om sy oorspronklike voorstel afsonderlik te stel, indien hy dit verkies.

##### 4.3.3.1 **Landbou-unies**

Elke geaffilieerde landbou-unie is geregtig op twee (2) beskrywingspunte vir die eerste 500 lede en een verdere beskrywingspunt vir elke verdere 150 lede of deel daarvan.

##### 4.3.3.2 **Ander affiliasies**

Alle ander affiliasies is geregtig op een beskrywingspunt vir opname in die kongresagenda.

#### 4.3.3.3 Uitvoerende Bestuur

Die Uitvoerende Bestuur is geregtig om enige aantal sake na die Kongres te verwys.

#### 4.3.3.4 Bedryfskomitees

Bedryfskomitees van Agri Noord-Kaap is geregtig om beskrywingspunte aan die Agendakomitee voor te lê vir moontlike opname in die kongresagenda.

#### 4.3.3.5 Beskrywingspunte aan Uitvoerende Bestuur

Bo en behalwe die aantal beskrywingspunte in artikel 4.3.3.1 en 4.3.3.2 vasgestel, is enige geaffilieerde lid geregtig om enige aantal beskrywingspunte aan die Uitvoerende Bestuur vir oorweging, koördinasie, afhandeling of voorlegging aan die Kongres en moontlike optrede voor te lê.

#### 4.3.3.6 Junior Landbou-unies

'n Junior Landbou-unie is geregtig op 'n aantal beskrywingspunte wat gelykstaande is aan die aantal junior landbouverenigings wat by hom geaffilieer is.

#### 4.3.4 *Stemming*

Stemming by alle kongresse van Agri Noord-Kaap geskied by wyse van die opsteek van hande van die lede teenwoordig, behalwe by die verkiesing van die President, Vise-president en lede van die Uitvoerende Bestuur en aanbevelings vir benoemings in beheerrade, wat deur middel van geslote stembriefies, moet geskied, met dien verstande dat:-

- 4.3.4.1 die President mag besluit dat oor 'n besondere saak by wyse van geslote stembriefies gestem word en moet so beslis indien ten minste tien afgevaardigdes teenwoordig dit verlang;
- 4.3.4.2 afgevaardigdes wat meer as een geaffilieerde lid en/of bedryfs- of staande komitee verteenwoordig, is geregtig op 'n ooreenstemmende getal stemme in alle gevalle van stemming by wyse van geslote stembriefies.
- 4.3.5 Die President tree as Voorsitter op en het beide 'n gewone en beslissende stem, behalwe in gevalle waar oor persone gestem word wanneer daar by staking van stemme deur loting 'n uitslag bepaal sal word.
- 4.3.6 Die volgorde waarin onderwerpe en beskrywingspunte op kongresse bespreek word, berus by die diskresie van die Voorsitter.
- 4.3.7 Tydsbeperkings vir sprekers of onderwerpe word deur die Kongres bepaal.

## 5. **DIE UITVOERENDE BESTUUR**

Die Uitvoerende Bestuur is die hoogste gesag as die Kongres nie in sitting is nie, maar is aan die Kongres verantwoordelik.

### 5.1 ***Samestelling***

Die Uitvoerende Bestuur bestaan uit:-

- 5.1.1 die President, Vise-president, Ere-presidente en Ere- vise-presidente;

- 5.1.2 'n aantal verteenwoordigers van landbou-unies volgens groeperings soos van tyd tot tyd deur die Kongres bepaal;
- 5.1.3 twee (2) verteenwoordigers van koöperasies deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer aangewys;
- 5.1.4 ses (6) verteenwoordigers van landboubedrywe in die gebied van Agri Noord-Kaap, benoem deur die betrokke bedryfsorganisasies op grondslag van die grootte van die bedryf (BGP) asook historiese verbintenis met Agri Noord-Kaap, met dien verstande dat die betrokke berekenings om te bepaal watter bedrywe verteenwoordiging in die Uitvoerende Bestuur sal geniet, elke drie (3) jaar gemaak sal word;
- 5.1.5 een (1) verteenwoordiger aangewys deur daardie bedrywe wat nie direkte verteenwoordiging kragtens die bepaling van artikel 5.1.4 in die Uitvoerende Bestuur geniet nie;
- 5.1.6 een (1) verteenwoordiger aangewys deur die Nasionale Sekretariaat vir Deeltydse Boere.

## 5.2 ***Kworum***

'n Kworum vir 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur bestaan uit een meer as die helfte van die lede van die Bestuur.

## 5.3 ***Vergaderings***

Die Uitvoerende Bestuur moet ten minste twee vergaderings per jaar hou, met dien verstande dat die President of die Uitvoerende Bestuur mag besluit om meer dikwels te vergader en die President moet 'n vergadering belê op versoek van ten minste vyf (5) geaffilieerde lede, of op versoek van ten minste drie (3) lede van die Uitvoerende Bestuur.

#### 5.4 **Magte en Pligte**

Onderhewig aan die beheer en algemene beleid van die Kongres, beskik die Uitvoerende Bestuur oor al die magte en moet hy al die pligte uitvoer soos omskrywe in artikel 1 hiervan, en kan hy na goeddunke magte deleger om alles te doen wat nodig mag wees om die doelstellings in artikel 2 te verwesenlik en vir hierdie doel:-

- 5.4.1 met alle sake handel wat spesiaal deur die Kongres na hom verwys word en opdragte van die Kongres uitvoer;
- 5.4.2 handel met alle besluite deur die Kongres aanvaar en ander beskrywingspunte soos deur geaffilieerde lede voorgelê;
- 5.4.3 sodanige onderkomitees as wat nodig geag word vir spesifieke doeleindes aanstel, magte aan hulle deleger en huishoudelike reëls vir hulle opstel;
- 5.4.4 waar nodig en wenslik en in ooreenstemming met artikel 11, bedryfskomitees in die lewe roep, met dien verstande dat vakatures wat in sodanige komitees ontstaan, by wyse van koöptering deur die betrokke komitee, of die Uitvoerende Bestuur gevul kan word;
- 5.4.5 benoemings vir aanstellings in beheerrade maak of aanbevelings vir benoemings in beheerrade aan die Agri SA voorlê waar sodanige benoemings nie deur die kongres of bedryfsorganisasie gemaak is nie;
- 5.4.6 'n kode goedkeur vir die betaling van reis- en verblyf koste aan verteenwoordigers op vergaderings van die Uitvoerende Bestuur, onderkomitees, afvaardigings, ens;



- 5.4.7 aan die President en ander lede van die Aksiekomitee sodanige jaarlikse toelae toestaan as wat dit mag nodig ag;
- 5.4.8 van tyd tot tyd bepaal waar die hoofkantoor van Agri Noord-Kaap moet wees;
- 5.4.9 op elke jaarkongres 'n verslag van sy werksaamhede, tesame met behoorlike ge-ouditeerde finansiële state vir die voorafgaande boekjaar voorlê;
- 5.4.10 op elke Jaarlikse Algemene Kongres 'n inkomste- en uitgawebegroting vir Agri Noord-Kaap voorlê waarin ook 'n uiteensetting gegee word van landbou-unies se finansiële verpligtinge kragtens die aanslagstelsel vir die betrokke jaar;
- 5.4.11 ouditeure aanstel en hulle vergoeding betaal;
- 5.4.12 'n organisasie vir die doeltreffende uitvoering van sy funksie in stand hou en vir hierdie doel;
- 5.4.12.1 'n geskikte kantoor huur en die nodige kantoortoerusting aanskaf;
- 5.4.12.2 sodanige personeel aanstel as wat nodig geag word teen salarisse waarvoor besluit word en onderhewig aan sulke voorwaardes as wat wenslik beskou word;
- 5.4.12.3 voorsiening maak vir waarborgversekering vir sy senior amptenare;
- 5.4.12.4 voorsiening maak vir ongeluksversekering vir senior amptenare en lede van die Aksiekomitee by die uitvoering van hul pligte;

- 5.4.13 voorsiening maak vir pensioenvoordele vir sy personeel kragtens die pensioenskema van Agri SA en 'n gedeelte van die premies uit Agri Noord-Kaap se fondse betaal;
- 5.4.14 afgevaardigdes en plaasvervangers na die kongres van Agri SA benoem;
- 5.4.15 sodanige ander stappe doen as wat nodig mag wees vir die daarstelling van 'n doeltreffende landbou-organisasie binne die gebied van Agri Noord-Kaap.

## 6. **AKSIEKOMITEE**

### 6.1 ***Samestelling***

Die Aksiekomitee bestaan uit:

- 6.1.1 Die President en Vise-president van Agri Noord-Kaap.
- 6.1.2 twee (2) addisionele lede deur die Uitvoerende Bestuur uit eie geledere verkies.
- 6.1.3 persone deur die Uitvoerende Bestuur, die Aksiekomitee of deur die President van Agri Noord-Kaap vir spesifieke vergaderings gekoöpteer.

### 6.2 ***Plaasvervangers***

Die Uitvoerende Bestuur sal plaasvervangers vir enige lid of gekoöpteerde lid van die Aksiekomitee aanwys.

### 6.3 ***Vergaderings***

Die President van Agri Noord-Kaap kan te enige tyd 'n vergadering van die Aksiekomitee belê.

### 6.4 ***Kworum***

'n Kworum vir vergaderings van die Aksiekomitee bestaan uit drie (3) lede.

### 6.5 ***Magte en Pligte***

Die Aksiekomitee is verantwoordelik aan die Uitvoerende Bestuur en moet sulke magte en pligte uitoefen soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur aan hom gedelegeer of toevertrou.

## 7. **PRESIDENT EN VISE-PRESIDENT**

7.1 'n President en Vice-president moet jaarliks deur die Kongres by wyse van geslote stembriefies genomineer en elkeen met 'n volstreekte meerderheid verkies word.

7.2 In die geval waar die amp van President vakant word, moet die Vice-president die amp vul tot aan die einde van die volgende Kongres en die Uitvoerende Bestuur mag intussen uit sy geledere 'n Vice-president vir die onverstreke termyn aanwys.

- 7.3 In die geval waar die amp van Vise-president vakant raak, mag die Uitvoerende Bestuur uit sy geledere 'n Vise-president vir die onverstreke termyn aanwys.
- 7.4 By afwesigheid van die President word die Vise-president met al die magte van die President bekleed en tree hy as Voorsitter op by die vergaderings. As albei afwesig is, kies die vergadering sy eie Voorsitter.
- 7.5 Die President en Vise-president is *ex officio*-lede van alle onderkomitees en bedryfskomitees van Agri Noord-Kaap, maar hulle kan sodanige vergaderings na goeë dunde bywoon.
- 7.6 Die prosedure tydens vergaderings geskied na goeë dunde van die Voorsitter. Sy beslissing is finaal, behalwe dat dit ter syde gestel kan word deur 'n meerderheidsbesluit van die vergadering.
- 7.7 In alle gevalle van 'n dringende aard, tree die President en in sy afwesigheid die Vise-president, in belang van Agri Noord-Kaap op, met dien verstande dat hy by die volgende vergadering van die Uitvoerende Bestuur daarvoor verslag moet doen.
- 7.8 Die President mag na goeë dunde verteenwoordigers van ander organisasies of enige persoon, of persone uitnooi of toelaat om die vergaderings van die kongres, die Uitvoerende Bestuur of enige komitee by te woon en deel te neem aan die besprekings. Sulke persone kan egter onder geen omstandighede stem nie.

- 7.9 Die President het die reg om enige persoon in 'n tydelike *ad hoc*-komitee vir 'n spesifieke doel te koöpteer.
- 7.10 Die President en Vise-president is verteenwoordigers van Agri Noord-Kaap in die Algemene Raad van Agri SA en die addisionele lede in die Aksiekomitee, kragtens artikel 6.1.2 verkies, sal as hulle plaasvervangers optree.
- 7.11 In die geval waar die President, of die Vise-president verkies word as President of Vise-president van Agri SA of as Voorsitter van die Koöperatiewe Raad (en gevolglik reeds in een van daardie hoedanighede in die Algemene Raad dien) moet die Aksiekomitee 'n verteenwoordiger benoem om in die Algemene Raad te dien.

## 8. **ERE-PRESIDENT EN ERE-UISE-PRESIDENT**

'n Ere-president of Ere-uis-president:

- 8.1 kan 'n jaar na ampsontruiming op aanbeveling van die Uitvoerende Bestuur deur die Kongres verkies word;
- 8.2 is ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie Grondwet, daarop geregtig om vergaderings van die kongres en die Uitvoerende Bestuur op die koste van Agri Noord-Kaap by te woon;
- 8.3 is daarop geregtig om aan die besprekings op vergaderings onder artikel 8.2 genoem, deel te neem, maar is nie daarop geregtig om te stem of voorstelle in te dien of te sekondeer nie en word vir doeleindes van 'n kworum nie as lid van die Kongres of die Uitvoerende Bestuur beskou nie;

8.4 is daarop geregtig om alle amptelike dokumente van Agri Noord-Kaap te ontvang, net soos 'n lid van die Uitvoerende Bestuur.

## **KOÖPERATIEWE ORGANISASIE**

### **9. KOÖPERATIEWE KONGRES**

#### **9.1 *Samestelling***

9.1.1 Twee (2) afgevaardigdes van elke geaffilieerde koöperasie;

9.1.2 die Voorsitter en Vice-voorsitter van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer van Agri Noord-Kaap; en

9.1.3 die President en Vice-president van Agri Noord-Kaap.

#### **9.2 *Kongresreëls***

9.2.1 die Koöperatiewe Kongres word tweejaarliks gehou in die jare wat die Koöperatiewe Kongres van Agri SA nie vergader nie;

9.2.2 'n spesiale Koöperatiewe Kongres of konferensie van geaffilieerde koöperasies kan van tyd tot tyd soos deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer nodig geag, belê word;

9.2.3 op skriftelike versoek (met vermelding van die doel waarvoor dit verlang word) van vyf (5) of meer geaffilieerde koöperasies, moet streeks- of kleiner konferensies van koöperasies binne sestig (60) dae vanaf ontvangs van die aansoek, deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer belê word;

- 9.2.4 slegs geaffilieerde lede wat hulle affiliasiegelde vir die vorige twee (2) jaar betaal het, of indien vir korter as twee (2) jaar by Agri Noord-Kaap geaffilieer, vir die volle tydperk van lidmaatskap, is op verteenwoordiging op die Koöperatiewe Kongres geregtig, tensy anders deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer bepaal word, voordat die Kongres vergader;
- 9.2.5 'n afgevaardigde kan meer as een geaffilieerde koöperasie, maar nie meer as vyf (5) nie, verteenwoordig;
- 9.2.6 elke afgevaardigde na die Kongres het by opsteek van hande een stem met dien verstande dat indien per geslote stembriefie gestem word, elke afgevaardigde een stem het vir elke koöperasie wat hy verteenwoordig, en verder met dien verstande dat die Voorsitter kan beslis dat oor 'n bepaalde saak by wyse van geslote stembriefie gestem word en so moet beslis indien minstens tien (10) van die afgevaardigdes teenwoordig dit verlang;
- 9.2.7 elke geaffilieerde koöperasie, die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer en die Uitvoerende Bestuur van Agri Noord-Kaap, sal geregtig wees om enige aantal beskrywingspunte vir opname in die kongresagenda voor te lê, met dien verstande dat:-
- 9.2.7.1 die beskrywingspunte die hoofamptenaar van Agri Noord-Kaap dertig (30) dae voor die datum van die Koöperatiewe Kongres of deur 'n vroeër skriftelike ooreenkoms voor die sitting van die Agendakomitee, moet bereik. Geen ander beskrywingspunte sal in aanmerking geneem word sonder dat die verlof van die Kongres eers gevra en verkry is nie. Die Voorsitter sal besluit op welke tydstip van die Kongres sulke bykomende sake bespreek mag word;

9.2.7.2 alle beskrywingspunte na 'n Agendakomitee wat deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer aangestel word, verwys sal word en dat hierdie Agendakomitee die beskrywingspunte sal koördineer en sal beslis oor die agenda van die Kongres met dien verstande dat so 'n beslissing nog altyd onderworpe is aan die finale beslissing van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer.

### 9.3 **Pligte en magte**

9.3.1 Die Koöperatiewe Kongres het volle outonomie in suiwer koöperatiewe aangeleenthede en in alle sake van 'n huishoudelike aard en gee vir dié doel opdragte aan die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer.

9.3.2 Die Koöperatiewe Kongres mag ook aanbevelings aan die Uitvoerende Bestuur van Agri Noord-Kaap maak.

9.3.3 Die Koöperatiewe Kongres kies 'n Voorsitter en Vise-voorsitter om tot aan die einde van die volgende Koöperatiewe Kongres in die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer te dien met dien verstande dat die stemming vir sulke lede per geslote stembriefie sal geskied.

### 9.4 **Kworum**

'n Kworum vir die Kongres bestaan uit minstens een-derde van die getal afgevaardigdes wat benoem is met dien verstande dat minstens een-derde van die aantal geaffilieerde koöperasies verteenwoordig sal wees.



## 10. **DIE NOORD-KAAP LANDBOUBESIGHEIDSKAMER**

### 10.1 ***Magte***

- 10.1.1 Wanneer die Koöperatiewe Kongres nie in sitting is nie het die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer volle outonomie in suiwer koöperatiewe aangeleenthede en in sake van 'n huishoudelike aard.
- 10.1.2 Die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer mag vertoë rig tot enige owerheid of regeringsliggaam oor spesifieke of algemene koöperatiewe sake.
- 10.1.3 Die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer mag jaarliks sodanige bedrag van die fondse van Agri Noord-Kaap as wat die Uitvoerende Bestuur goedkeur, bestee en aanwend vir opvoeding, propaganda of enige ander saak wat in die diskresie van die Koöperatiewe Raad direk of indirek tot voordeel van die koöperasies of die koöperatiewe beweging in die gebied van Agri Noord-Kaap strek.

### 10.2 ***Samestelling***

Die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer word soos volg saamgestel:

- 10.2.1 die President en Vise-president van Agri Noord-Kaap, *ex officio*;
- 10.2.2 drie (3) lede wat op 'n streeksbasis verkies word deur elk van die drie (3) koöperatiewe streeksbyeenkomste wat in die gebied van Agri Noord-Kaap gehou word in die jaar waarin 'n Koöperatiewe Kongres nie gehou word nie;

- 10.2.3 een (1) verteenwoordiger van elke sentrale koöperasie wat in Agri Noord-Kaap se gebied sake doen.
- 10.2.4 die Voorsitter en Vise-voorsitter wat kragtens artikel 9.3.3 deur die Koöperatiewe Kongres verkies word;
- 10.2.5 die lede van die Koöperatiewe Raad van Agri SA, wat in die gebied van Agri Noord-Kaap woonagtig is en nie reeds verkose of benoemde lede van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer is nie.

#### 10.4 **Kworum**

'n Kworum vir 'n vergadering van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer bestaan uit een meer as die helfte van die getal verteenwoordigers in die Bestuur.

#### 10.5 **Funksie en Pligte**

Om die volgende doelstellings sover as moontlik te verwesenlik:-

- 10.5.1 om 'n gees van samewerking en goeie gesindheid onder landbouprodusente en koöperasies te skep en te bevorder;
- 10.5.2 om die koöperatiewe landboubeweging in die gebied van Agri Noord-Kaap te koördineer, te beskerm en te bevorder;
- 10.5.3 om die nouste en mees bevredigende samewerking tussen die beheerrade en koöperatiewe organisasies te handhaaf;

- 10.5.4 om koöperatiewe opvoeding en -opleiding te bevorder;
- 10.5.5 om sulke konferensies van landboukoöperasies of groepe van landboukoöperasies as wat nodig geag mag word, te belê;
- 10.5.6 om vertoë tot die Regering of enige staatsdepartement of Agri SA te rig en hulle te adviseer ten opsigte van koöperatiewe aangeleenthede in die gebied van Agri Noord-Kaap;
- 10.5.7 om as adviseurs en bemiddelaars op te tree in gevalle van geskille of ongesonde oorvleueling tussen koöperasies in die gebied van Agri Noord-Kaap of in voorvalle wat 'n stremmende en nadelige uitwerking op die koöperatiewe organisasie in die gebied van Agri Noord-Kaap het;
- 10.5.8 om met sake wat deur geaffilieerde koöperatiewe lede voorgelê word, te handel;
- 10.5.9 om sulke onderkomitees aan te stel as wat nodig gevind mag word en aan hulle sodanige magte te verleen as wat raadsaam geag mag word;
- 10.5.10 om die bedrag te bepaal wat jaarliks aan Agri Noord-Kaap deur koöperatiewe organisasies ten opsigte van affiliasiegelde betaal moet word;
- 10.5.11 om die Uitvoerende Bestuur van Agri Noord-Kaap te adviseer in verband met die aansoeke van koöperatiewe verenigings of maatskappye ten opsigte van affiliasie;

10.5.12 om met die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur van Agri Noord-Kaap enige ander funksie of plig te onderneem wat wenslik geag mag word ter bevordering van die koöperatiewe beweging in die gebied van Agri Noord-Kaap.

#### 10.6 ***Verteenwoordiging in die Uitvoerende Bestuur***

Die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer wys twee verteenwoordigers aan om in die Uitvoerende Bestuur te dien.

#### 10.7 ***Vergaderings en Huishoudelike Reëls***

10.7.1 Vergaderings van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer word minstens een maal per jaar gehou met dien verstande dat vergaderings te enige tyd belê kan word op instruksie van die President van Agri Noord-Kaap of die Voorsitter van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer.

10.7.2 'n Vergadering van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer moet belê word indien dit skriftelik verlang word deur minstens vier (4) lede van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer.

10.7.3 'n Vakature wat in die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer mag ontstaan word gevul by wyse van koöptering deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer, welke lid dien tot die volgende koöperatiewe streeksbyeenkoms.

10.7.4 'n Lid van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer verbeur sy lidmaatskap indien hy sonder spesiale verlof van die President of Voorsitter van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer meer as twee (2) agtereenvolgende vergaderings van die Noord-Kaap

### 10.8 ***Voorregte van geaffilieerde koöperatiewe lede***

10.8.1 om afskrifte van verslae en derglike inligting soos deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer beskikbaar gestel mag word, te ontvang;

10.8.2 om afgevaardigdes na die tweejaarlikse Koöperatiewe Kongres van Agri Noord-Kaap te benoem en ook verteenwoordigers aan te wys vir die bywoning van alle konferensies wat deur die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer belê mag word en wat hulle geregtig is om by te woon;

10.8.3 om enige saak wat vir hulle van belang is na die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer vir oorweging te verwys;

10.8.4 om die beskerming, uitbouing en ontwikkeling wat die werk van die Noord-Kaap Landboubesigheidskamer en Agri Noord-Kaap aan die koöperatiewe landbou-ondernemings in Noord-Kaapland verleen, ten volle te benut.

## 11. **BEDRYFSKOMITEES**

### 11.1 ***Stigting***

Die Uitvoerende Bestuur mag 'n bedryfskomitee vir enige vertakking van die landbou in die lewe roep, indien hy oortuig is dat so 'n komitee noodsaaklik en wenslik is, met dien verstande dat bedryfskomitee ook die betekenis bedryfsorganisasie en bedryfsbestuur sal hê.

### 11.2 ***Doelstelling***

Die doelstelling is om 'n verteenwoordigende komitee vir daardie vertakking van die landbou daar te stel, wat in staat sal wees om 'n deeglike studie van alle sake rakende daardie bedryf te maak.

### 11.3 ***Funksies***

- 11.3.1 om te waak oor die belange van die produsente van die betrokke produk of produkte en dit te bevorder;
- 11.3.2 om deurlopend 'n studie te maak van alle sake wat die betrokke bedryf raak;
- 11.3.3 om spesiale aandag te skenk aan die produksie en ordelike bemerking van die produk en aanbevelings ten opsigte daarvan te maak;

- 11.3.4 om aanbevelings te maak vir voorlegging aan die betrokke nasionale bedryfskomitee;
- 11.3.5 om aanbevelings te maak met betrekking tot die aanstelling van produsentelede in beheerrade;
- 11.3.6 om te handel met alle sake rakende die bedryf wat deur die Kongres of die Uitvoerende Bestuur na hom verwys word;
- 11.3.7 om die sienswyse van georganiseerde produsente rakende die betrokke vertakking van die landboubedryf te bestudeer en te koördineer;
- 11.3.8 om beskrywingspunte deur affiliasies vir bespreking op 'n Kongres ingestuur, te oorweeg en te koördineer, met dien verstande dat enige sodanige mosie gewysig of deur 'n ander vir voorlegging aan die Kongres vervang of weggelaat kan word;
- 11.3.9 om alle besluite van die Kongres of Uitvoerende Bestuur rakende die bedryf, behoorlik op te volg en af te handel.

#### 11.4 ***Samestelling van Bedryfskomitees***

- 11.4.1 Die bedryfsorganisasie besluit in elke geval oor die samestelling van die bedryfskomitee of -bestuur in oorleg met die Uitvoerende Bestuur.
- 11.4.2 Elke geaffilieerde lid wat deur die Uitvoerende Bestuur gemagtig is om 'n verteenwoordiger te benoem is ook daarop geregtig om 'n plaasvervanger vir die verteenwoordiger te benoem, wat by afwesigheid van die verteenwoordiger sy plek sal inneem.

- 11.4.3 Lede van bedryfskomitees word jaarliks genomineer en name en adresse van verteenwoordigers moet skriftelik ingedien word by die sekretaris van Agri Noord-Kaap, met dien verstande dat 'n lid slegs kan dien totdat die organisasie wat hom benoem het, 'n ander in sy plek benoem, met dien verstande verder dat, indien daar versuim word om betyds die benoeming te maak, 'n vakature sal ontstaan en verder met dien verstande dat 'n komitee sodanige of toevallige vakature by wyse van koöptering kan vul.
- 11.4.4 Die President en Vise-president dien as *ex officio*-lede in elke bedryfskomitee.

## 11.5 **Vergaderings**

- 11.5.1 Vergaderings van bedryfskomitees moet deur amptenare van Agri Noord-Kaap belê word in opdrag van die Uitvoerende Bestuur, die President of die Voorsitter van die komitee, na raadpleging en met toestemming van die President van Agri Noord-Kaap.
- 11.5.2 'n Vergadering van 'n bedryfskomitee moet deur die President belê word op versoek van die meerderheid van die lede van sodanige komitee of die meerderheid van die sub-streke of groeperings wat sodanige verteenwoordigers benoem het.

## 11.6 **Kworum**

Die meerderheid van die lede wat benoem is om in 'n bedryfskomitee te dien (*ex officio*-lede uitgesonderd) vorm 'n kworum.



## 11.7 **Stemming**

- 11.7.1 Voorstelle word as aangeneem beskou indien die meerderheid van die lede teenwoordig ten gunste daarvan is, mits daar aan die vereistes vir 'n kworum voldoen is.
- 11.7.2 By die verkiesing van 'n Voorsitter en Vise-voorsitter van 'n bedryfskomitee, geskied nominasie en stemming per geslote stembriefie.
- 11.7.3 Stemming oor alle ander sake geskied by wyse van die opsteek van hande, met dien verstande dat die Voorsitter die reg het om te beslis dat daar oor 'n sekere saak by wyse van stembriefies gestem moet word.
- 11.7.4 *Ex officio*- en gekoöpteerde lede het geen stem nie.
- 11.7.5 Die Voorsitter van die bedryfskomitee het 'n gewone, maar nie 'n beslissende stem nie.
- 11.7.6 In die geval van 'n staking van stemme by die verkiesing van 'n Voorsitter of Vise-voorsitter, moet die betrokke by wyse van lotsbepaling in die amp aangewys word.
- 11.7.7 In die geval van 'n staking van stemme in enige ander geval, word die voorstel beskou as nie aangeneem nie, behalwe waar 'n beslissing na die mening van die bedryfskomitee dringend nodig is, in welke geval die saak na die Uitvoerende Bestuur verwys moet word.

## 11.8 **Voorsitter en Vise-voorsitter**

Die bedryfskomitee kies jaarliks 'n Voorsitter en Vise-voorsitter uit sy geledere op die eerste vergadering van die komitee wat gehou word nadat die komitee kragtens artikel 11.4.3 saamgestel of hersaamgestel is. Nominasies en stemming geskied by wyse van geslote stembriefies.

## 11.9 **Raadgewers**

- 11.9.1 Lede van die beheerraad van die betrokke bedryf wat deur Agri Noord-Kaap genomineer is, het die reg om vergaderings van die bedryfskomitee in raadgewende hoedanigheid by te woon indien hulle nie reeds benoemde lede of plaasvervangers is nie. Indien hulle nie benoemde lede of plaasvervangers is nie, moet hul onkoste aangegaan om die vergadering by te woon, deur Agri Noord-Kaap vergoed word.
- 11.9.2 Verteenwoordigers van Agri Noord-Kaap in die betrokke nasionale bedryfskomitee is ook geregtig om vergaderings van die bedryfskomitee in raadgewende hoedanigheid by te woon indien hulle nie reeds benoemde lede of plaasvervangers is nie en Agri Noord-Kaap is verantwoordelik vir die koste verbonde van sodanige bywoning.
- 11.9.3 Benewens bogenoemde het die Voorsitter van die bedryfskomitee die reg om enige persoon na enige vergadering van die komitee uit te nooi, na raadpleging en met toestemming van die President.

#### 11.10 **Beheer**

Die President besit die reg om besluite van 'n bedryfskomitee wat na sy mening teenstrydig is met die beleid van Agri Noord-Kaap, na die Uitvoerende Bestuur of die Kongres te verwys.

#### 11.11 **Status**

Elke bedryfskomitee het volle outonomie wat betref sake wat eie aan die betrokke bedryf is, maar moet sake wat ook ander bedrywe raak eers na die Uitvoerende Bestuur verwys voordat daarmee gehandel kan word.

### 12. **REIS- EN VERBLYFKOSTE**

12.1 Die basie en tarief waarvolgens die betaling van reis- en verblyftoelaes geskied, word van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Bestuur bepaal.

12.2 Agri Noord-Kaap is verantwoordelik vir die reis- en verblyftoelaag van die volgende:-

12.2.1 Agri Noord-Kaap se afgevaardigdes na Agri SA se Kongres;

12.2.2 lede van afvaardigings en van die Uitvoerende Bestuur, Aksiekomitee en sub-komitees van Agri Noord-Kaap waar hulle vergaderings van die betrokke komitees bywoon;

- 12.2.3 die President en Vise-president van Agri Noord-Kaap waar hulle byeenkomste ampshalwe bywoon;
- 12.2.4 die President en Vise-president na die kongres van Agri Noord-Kaap;
- 12.2.5 voorsitters van bedryfskomitees van Agri Noord-Kaap vir bywoning van die Kongres van Agri Noord-Kaap, mits hulle nie reeds verteenwoordigers van geaffilieerde lede is nie.
- 12.3 Alle geaffilieerde lede is verantwoordelik vir die koste van hulle afgevaardigdes na die Kongres van Agri Noord-Kaap.
- 12.4 Agri Noord-Kaap is verantwoordelik vir die koste van verteenwoordigers in bedryfskomitees ten opsigte van daardie bedrywe wat reeds deur middel van heffings op produkte bydra tot die gedeeltelike finansiering van die landbou- organisasie.
- 12.5 Die Uitvoerende Bestuur moet besluit oor gevalle waarvoor daar nie in artikel 12.1 tot 12.4 voorsiening gemaak is nie.

### 13. **FONDSE EN BOEKJAAR**

- 13.1 Die fondse van Agri Noord-Kaap bestaan uit ledegelde en geld uit ander bronne ontvang.

13.2 Hierdie fondse moet by 'n bankrekening in die naam van Agri Noord-Kaap inbetaal word en kan alleen opgeëis word deur middel van tjeks onderteken deur persone deur die Uitvoerende Bestuur daartoe gemagtig.

13.3 Die boekjaar van Agri Noord-Kaap strek van 1 Mei in die een jaar tot 30 April van die daaropvolgende jaar.

#### 14. **FINANSIËLE BEVOEGDHEID**

- i) Agri Noord-Kaap het 'n komitee, bestuursraad of soortgelyke beheerliggaam wat bestaan uit ten minste drie persone wat geen verwantskap met mekaar het nie en wat fidusiêre verantwoordelikheid vir Agri Noord-Kaap aanvaar;
- ii) Geen enkele persoon beheer direk of indirek die besluitnemingsbevoegdhede van Agri Noord-Kaap nie;
- iii) Agri Noord-Kaap versprei nie direk of indirek enige van sy fondse of bates aan enige persoon anders as ter bevordering van sy doelstellings nie;
- iv) Agri Noord-Kaap moet substansieel al sy fondse aanwend slegs vir die hoofdoel waarvoor hy ontstaan het;
- v) Geen lid mag direk of indirek enige persoonlike or private belang in Agri Noord-Kaap hê nie;
- vi) Al Agri Noord-Kaap se aktiwiteite is substansieel gerig op die bevordering van sy enigste of hoof doel en nie vir die spesifieke voordeel van enige lid of minderheidsgroep nie;
- vii) Agri Noord-Kaap het geen aandeel of ander belang in enige besigheid, beroep of loopbaan wat deur sy lede bedryf word nie;

- viii) Agri Noord-Kaap sal aan geen werknemer, ampsdraer of ander person enige vergoeding soos omskryf in die Skedule 4 van die Inkomstelastingwet betaal wat uitermatig is nie, met in agneming van wat algemeen as redelik beskou word in die sektor en ten opsigte van die diens wat gelewer word;
- ix) Substansieel word al Agri Noord-Kaap se befondsing verkry uit sy jaarlikse of ander lang-termyn ledegeld of van 'n allokering deur die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- x) Agri Noord-Kaap sal as deel van sy ontbinding, sy bates oordra aan—
  - aa) 'n ander entiteit soos goedgekeur deur die Kommissaris ingevolge hierdie artikel;
  - bb) 'n openbare voordele-organisasie soos goedgekeur ingevolge artikel 30 van die Inkomstebelastingwet;
  - cc) 'n instelling, raad of liggaam wat verygestel is van belasting onder artikel 10(1)(cA)(i); of
  - dd) die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- xi) die persone bedoel in paragraaf (i) sal enige wysiging van die grondwet of skriftelike instrument van Agri Noord-Kaap aan die Kommissaris binne 30 dae ná wysiging voorlê;
- xii) Agri Noord-Kaap sal voldoen aan sodanige verslagdoeningsvereistes as wat die Kommissaris van tyd tot tyd mag bepaal;
- xiii) Agri Noord-Kaap sal nie wetend of onwetend 'n party word tot of toelaat dat hy gebruik word as deel van 'n ontoelaatbare vermyding-reëling soos bedoel in Deel IIA van Hoofstuk III, of 'n transaksie, operasie of skema bedoel in artikel 103(5) van die Inkomstebelastingwet nie.

14. **WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

Die Grondwet kan op die gewone Jaarlikse Algemene Kongres of op 'n Kongres spesiaal vir hierdie doel belê, gewysig word, met dien verstande dat:-

- 14.1 die sekretaris alle affiliasies ten minste sestig (60) dae voor die Kongres kennis gee van die voorgestelde wysigings, met volle besonderhede;
- 14.2 kennis van voorgestelde wysigings die sekretaris ten minste negentig (90) dae voor die kongresdatum bereik, behalwe waar die Uitvoerende Bestuur wysigings voorstel;
- 14.3 'n twee-derde meerderheid van die afgevaardigdes teenwoordig ten gunste daarvan is, altyd met dien verstande dat 'n afgevaardigde 'n stem het vir elke geaffilieerde lid wat hy verteenwoordig.

15. **TOEPASSING**

Hierdie Grondwet vervang enige vorige grondwet, maar maak enige besluit wat wettiglik ooreenkomstig vorige grondwette geneem is, geensins ongeldig nie en doen geensins afbreuk daaraan nie.

16. **ONTBINDING**

By likwidasië of ontbinding sal Agri Noord-Kaap se bates wat oorbly, na voldoening aan enige verpligtinge, gegee of oorgemaak word aan 'n ander maatskappy, genootskap, vereniging of organisasie met soortgelyke oogmerke as dié van Agri Noord-Kaap. Indien daar by ontbinding nie sodanige organisasie met soortgelyke oogmerke bestaan nie, sal Agri Noord-Kaap se bates in trust gehou word totdat so 'n organisasie gestig word.